om Kassie se verhouding met Amelia in die wiele te ry, weens haar seun se gebrek aan goeie oordeel.

Selfs die newe-karakters word nie in hierdie roman afgeskeep nie. Een van die karakters wat die aandag trek is ene Muis. Hierdie ou wat redelik laag op die misdaad-voedselketting funksioneer, bied vanuit 'n idiosinkratiese oogpunt iets wat my as leser veel plesier verskaf het. Met 'n filosofiese blik op die lewe is dit sy sêgoed waaraan 'n mens jou verkneukel. So laat hy hom oor die regstelsel uit as hy en 'n makker verhoorafwagtend is: "Where incompetence is prized, it is ever present. The employees of the South African courts give us real competitive advantage" (275).

As virtuose storieverteller het Rudie van Rensburg deurgaans in *Dwelm* 'n stewige greep op die verskillende storielyne. Voeg hierby die werklik slim uitgewerkte kinkels wat selfs die oplettende leser uitoorlê. Uiteindelik slaag van Rensburg meesterlik daarin om 'n trefseker whodunnit te boetseer wat nie alleen voldoen aan die verwagtings van hierdie genre nie, maar ook die leser van begin tot einde vasgenael aan die lees en raai hou.

**Francois Bekker**
**coisbek@yahoo.com**
**Vryskutresensent**
ORCID: https://orcid.org/0009-0005-1489-8493
https://doi.org/10.17159/tl.v60i2.16604

**Geheim van die gruwelsand.**
Zirk van den Berg.
Kaapstad: Kwêla Boeke, 2023. 279 pp.
ISBN 9780795710346.

Barrabas Dawid Nel—beter bekend as Barra—bevind hom in sy ou skoolvriend, luitenant Hennie Koorts, se Windhoek-polisiekantoor. Dit is 1942 en die polisie is reeds 'n paar weke op soek na Barra. Hy is 'n 26-jarige diamantsmokkelaar, maar die polisie is nie op soek na Barra vir sy smokkelary nie. Barra word aangekla vir die verkragting en moord op Mynie Tredoux. Eindelik terug na maande in die Namib-woestyn, het hy homself aan Koorts oorgegee met 'n storie oor gruwelgedaantes wat uit die sand oprys, verwek deur twee Nazi-wetenskaplikes wat in samewerking is met kolonel Jaap van Arkel, tweede in bevel van die Suidwes-polisie.

*Geheim van die gruwelsand* is die nuutste "skop-skiet-en-wonderstorie" deur skrywer Zirk van den Berg. Met 'n oeuvre ryk aan misdaadromans, en 'n geskiedenis met misdaadverslaggewing, skryf Van den Berg 'n spanningsverhaal wat die leser meesleur deur die opwindende spel van verskeie genres. In hierdie roman beweeg die verhaal van Barra Nel met gemak tussen riller- en misdaadfiksie na wetenskapsfiksie—verweef met 'n liefdesverhaal.

Die eerste leidraad aan die leser dat hierdie nie net 'n gewone misdaadsroman is nie, word bekendgemaak wanneer Barra Nel "vir byna die volgende uur worstel [...] met die outydse Engels in *Frankenstein*" (12). *Frankenstein* gee nie net die leser die nodige leidraad nie, maar skep funksioneel die afwagting van dreigende monsters wat Barra, en die wêreld om hom, geheel en al kan vernietig.

Die oorhoofse milieu van hierdie roman is die Namib-woestyn. Die woestyn word uitgebeeld as 'n geharde, geïsoleerde ruimte waar daar min lewe is. Dít is hoekom die Duitse prof. Grohmann die Namib uitgesoek het om sy eksperiment van mimikules (molekules wat lewende organismes naboots) te toets. Die mimikules sal later, indien Grohmann suksesvol is, gebruik word deur die Nazi's om die bomskade in Rusland om te keer, sodat Duitsland landskappe wat vernietig is, weer kan bewoon.

Die historiese feitlikheid in hierdie roman is egter nie van ware belang nie—nog minder die sukses van Duitsland in die oorlog. *Geheim van die gruwelsand* gaan eerder oor Barra en Hedda. Hedda is die beeldskone assistent van Grohmann. In ruil vir sy stilte oor haar betrokkenheid by 'n ondergrondse weerstandsbeweging, moet Hedda vir Grohmann ondersteun op allerlei maniere—nie net in sy laboratoriumtent nie, maar ook om ontslae te raak van die seksuele frustrasie wat hy in die laboratorium opbou. Hedda—aanvanklik die stereotipiese femme fatale—word vinnig onthul as die hulpelose slagoffer wat Barra heldhaftig moet red.

Barra ken die woestyn. Dit is daarom dat hy die teiken van Jaap van Arkel se Nazi-samewerking met Grohmann is: hy weet hoe om die duine uit te ry, ken die woestyn se geheime insekte, besef die aard van die Namib se verwoestende storms, en kan bowenal die woestyn oorleef. Die woestyn is egter nie altyd vir Barra die verwoestende, onbekende en vreesaanjaende ruimte wat dit vir Hedda en die leser is nie. Die woestyn is immers waar Barra skuil, waar hy homself en sy geliefde Hedda vind, en waar hy kan oorgee aan sy wellus vir Hedda.

Zirk van den Berg se roman is veelomvattend. Die verbintenis tussen mens en niemenslike, sowel as die uitbeelding en metaforiese beskrywing van die milieu wat letterlik 'n lewe (en fisiese figuur) van sigself word, is ryp vir analise binne verskeie velde, soos die ekokritiek en die postkoloniale ekokritiek.


ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Wat egter uitstaan is die moontlike interpretasie van die roman vanuit die psigoanalise. Teen die einde van die roman met die uiteindelike konfrontasie tussen Jaap, Barra, Hedda en die mimikules, boots Hedda vir Barra na. Die dubbelspel van wat byna weerspieëlende karakters blyk te wees, bring psigoanalitiese konsepte soos dié van die ego en superego na vore. Die vroulike minnaar wat nou die manlike self word, kan ook met 'n psigo-feministiese lens geanaliseer word.

Verder is die komiese, hoewel met tye vulgêre, nabootsing van die abjekte (byvoorbeeld met die mutasie van mens tot ontlasting) ideaal vir analise binne abjekteorie, veral uit die oogpunt van Julia Kristeva se *Powers of Horror* (1980). Nie net is daar sprake van die mens wat ontlasting word nie, maar daar is ook deurgaans verwysing na die verrotting van liggame. Die manier waarop Van den Berg die abjekte beskryf, met die vermoë om die leser te walg en terselfdertyd te laat lag, herinner aan die merkwaardige taalspel in Marlene van Niekerk se *Triomf* (2004).

*Geheim van die gruwelsand* is taalkundig 'n plesier om te lees, met dialoog wat vloei en taalgebruik wat skeppend en komies is. Die karakterontwikkeling en beskrywing van die milieu betrek die leser. Die plot is ingrypend en die temas en genre bied vele moontlikhede vir literêr-teoretiese analise.

**Delia Rabie**
**deliarabie@gmail.com**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria, Suid-Afrika**
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-4477-6447

https://doi.org/10.17159/tl.v60i2.17283

**Nou in infrarooi.**
Tom Dreyer.
Kaapstad: Kwêla Boeke, 2023. 96 pp.
ISBN 9780795710728.

Tom Dreyer se debuutbundel, *Nou in infrarooi*, verskyn in 2023 by Kwêla Boeke. Dreyer, voorheen bekend vir sy prosa, betree 'n nuwe literêre terrein met sy debuutdigterbundel. Met hierdie bundel bied hy 'n vars en insiggewende blik op die menslike ervaring deur middel van die digkuns.

"[V]yftien dinge om aan te dink in 'n mri-skandeerder" (17) en "verdere gedagtes in 'n mri-skandeerder" (45) is ikoniese verse van Dreyer, wat stilisties vernuwend is en wat nie bloot as eksperimenteel en sonder funksionaliteit gekritiseer kan word nie. Dreyer maak hierin gebruik van enumerasie as tegniek en lys gedagtes om aan te dink in 'n MRI-skandeerder, soos byvoorbeeld "elke black label-bottel waardeur die son ooit sal skyn" en "die eerste afbeelding van 'n kameelperd", maar ook op 'n meer ernstige noot: "wat ook al skort met my senuweestelsel". Die bundeltitel word in laasgenoemde gedig geïntegreer met verwysing na "dinge slegs sigbaar in infrarooi", dit wil sê dit wat buitekant die mens se normale visie val. In die bundeltitel verkry hierdie segging 'n metaforiese lading omdat dit die poëtiese visie van die digter veronderstel. Die buiteblad vertoon 'n rooi gefilterde landskap wat eweneens hierdie digterlike visie beklemtoon.

In die openingsgedig, "charlie bravo kom in" (11), word daar reeds etlike stilistiese kenmerke aangetref wat deurlopend in die bundel voorkom. Al die gedigte in die bundel word as vrye verse aangebied met 'n duidelike ritme en gevoel vir beweging wat veral deur die herhaling van gegewens en enjambement bewerkstellig word: "een aand in Colesberg, ek was sewe / ons was op pad Kaapstad toe, sien ons twee / laaities in telefoonhokkies met mekaar sit en gesels / die ou soort hokkie wat oranje was en uitgehol". Hierin kan gesien word hoe Dreyer 'n digter is wat plekspesifieke taal op die spits dryf en deur middel van herinneringe daardie ervaringe op 'n sintuiglike en nostalgiese wyse vasvang. Spore van digters soos Hilda Smits en Gert Vlok Nel is te vinde in Dreyer se bundel, alhoewel hy nie poog om hulle na te boots nie. Dreyer se verse toon immers 'n volwassenheid wat 'n mens nie aldag by debuutdigters teëkom nie.

Die digterlike subjek se belewing van die landskap maak die kosmos oop met vertellings oor ruimtevaart, soos gesien in die verse oor die Russiese ruimtevaarders, Aleksei Leonof en Joeri Gagarin—vergelyk onder andere "'n ster in die ooste" (24) en "en toe het joeri gagarin subsonies" (32). In "skylab" (25) vertel die spreker hoe sy verbeelding as jong kind op hol gegaan het nadat hy verneem het dat Skylab, die eerste Amerikaanse ruimtestasie, geval het: "toe sy die volgende oggend vir ons lees / dat skylab volledig weggebrand het / bo die Indiese Oseaan / het ek koerante begin wantrou // want wat van die goue foelie / wat gereën het tot reg in ons kajuit?". Dreyer bied egter 'n veelheid van landskappe in sy bundel aan, waarvan die gedig "– until the sea shall free them" 'n sublieme landskapsuitbeelding is, tekenend van Dreyer se romantiese en/of nihilistiese gees: